

GAWES VOLGENS HOEDKLEURE

1. **LEES 1 Kor 12: 4 – 11** (waar Paulus daarop klem lê dat dit dieselfde Gees is wat verskillende gawes gee; hy het nie ten doel om 'n volledige lys van alle gawes te gee nie).
2. **DEEL MET GROEP:** *Wat staan vir jou in die gelese gedeelte uit?*
3. **LEES Ef 4: 11 – 16** (waar Paulus klem lê op “eenheid in die kerk” en gawes noem as toerusting van die gelowiges; hy het nie ten doel om 'n volledige lys van alle gawes te gee nie).
4. **DEEL MET GROEP:** *Wat staan vir jou in die gelese gedeelte uit.*
5. **BESPREEK:** Vir wie word gawes gegee?
6. **BESPREEK:** *Wie deel die gawes uit?*
7. **BESPREEK:** Wat is die (meervoudige) doel van die gawes (veral uit 1 Kor 12:7; Efesiërs 4:12 en 13 en 16)?



8. **DEEL MET MEKAAR:** *watter van die 5 “sê”-gawes in Ef 4 genoem (en wat ons aan die 5 hoedkleure gekoppel het), pas jou die beste/meeste (al is dit net 'n bietjie):*

(daar is ook ander gawes: “**weet**”- gawes soos kennis en wysheid, en “**doen**”- gawes soos gasvryheid, voorbidding, handvaardigheid)

PERS: APOSTEL wat grense oorsteek en nuwe geleenthede soek/begin waar mense van Jesus vertel word en God se Koninkryk so uitgebou kan word;

BLOU: PROFEET wat mense heeltyd terugverwys na “wat sê God in sy Woord/ wat is Sy plan/wat is Sy doel?”;

GEEL: EVANGELIS wat die blye evangelisasieboodskap met vrymoedigheid vertel;

GROEN: HERDER wat vir mense sorg, hulle soek as hulle wegraak, hulle dra indien nodig;

ROOI: LERAAR/ONDERRIG wat self diep delf in God se Woord, dit wat hulle ontdek aan ander leer en ander aanmoedig om ook self dieper te delf.

9. **BID SAAM:** dat die Here ons en die ander lidmate sal wys wat hul gawes is; dat hulle die “hoede” sal opsit en gebruik; dat hulle m.a.w. die gawes sal beoefen sodat die bediening in – en vanuit – Rietfontein-Suid doeltreffend voortgaan en uitbrei. Tot eer van God Drie-enig.

